Nederduitse Gereformeerde Gemeente Montana

Openbare Weldaadsorganisasie 930006611 Noordelike Sinode

Ds P Lübbe 082 776 0851 Ds. T de Bruyn 082 925 5671
Ds JWK Scholtz 082 641 5983 Ds B Powell 082 305 4444
e-pos: admin@ngmontana.co.za
Posbus 13514 Veronicaweg 300
SINOVILLE Montana
0129 0182

12 April 2018

Liewe Gemeentelid

Ons groet u in die Naam van die Drie Enige God. Ons Vader, Jesus Christus sy Seun ons Verlosser, en die Heilige Gees ons Vertrooster en inspirasie, seën ons met Sy liefde en genade!

Weereens neem ons die vrymoedigheid om u te nader vir u Tiende Dankoffer. Hierdie tyd van die jaar is geoormerk vir die gee van die Tiende Dankoffer om ons Gemeente se roeping deur die Heilige Gees, getrou uit te leef.

Met Tiende Dankoffer bedoel ons ‘n dankoffer waar elke lidmaat probeer om bo en behalwe sy/haar maandelikse bydrae, ‘n tiende van sy/haar maandelikse inkomste sal afstaan aan ons Here se werksaamhede. Sal u asseblief biddend hieroor besin en vrywillig uit u hart gee soos die Here u lei.

Die Tiende Dankofferprojek is die enkele grootste dankofferprojek in ons gemeente. In 2017/18 was die inkomste met die projek R805 901. Ons begroot om 2018/19 R800 000 in te samel en pak hierdie poging in geloof aan.

Hierdie skrywe word ge-epos, gepos en is ook by die deure tydens eredienste beskikbaar.

U kan u bydrae saambring na die eredienste op Sondag 29 Mei 2018, wat dan ook ons Tiende dankoffer Sondag sal wees. Indien u dit verkies, kan u u naam op ‘n koevert skryf, maar dit is nie nodig nie.

Ons wil u verseker dat die NG Montana se Gemeenteraad nie onverantwoordelik met die bestuur van die Here se fondse omgaan nie. Bid asseblief saam met ons dat daar fondse beskikbaar sal wees om God se saak te dien en dat elkeen sal bydra met vrymoedigheid en volgens elkeen se vermoë.

Ons groet U in die Naam van Jesus Christus en bid u sy seën toe.

HERMAN TALJAARD: VOORSITTER GEMEENTERAAD